

Lief en Leed

Ons dra vir Tinus van Zyl aan die Here op na die skielike afsterwe van Nelia. Nadat Tinus met kanker gediagnoseer is, het Nelia uit haar werk bedank om hom te versorg. Bid dat Tinus deur die Gees vertroos sal word.

Jo Roux se seun Hennie, het gesterf. Hy het 'n lang periode van swak gesondheid beleef, suikersiekte was hoofsaaklik die oorsaak hiervan.

Ons dra ook vir Elsabe en Daan Conradie en familie aan die Here op. Ons het gister 'n diens gehou waarin ons sy lewe herdenk het.

Anna Rautenbach het 'n pasaangeër ontvang en moet haarself vir die volgende 6 weke stil gedrae. Bid asb. vir haar spoedige herstel.

Kom ons vra die Here om Hom voortdurend oor Jeanette Kalp te ontferm. Sy ervaar groot ongemak en pyn, daar is moontlike hulp wat deur die Hospice gegee sal word.

Elsie Calitz is vol moed en hanteer die chemoterapie met dankbaarheid. Bid steeds vir haar en Chris.

Dawina Zaayman dra haar kruis met geloof. Nadat die bestraling gestaak is, het haar sluk en stembande verbeter.

Voorbidding word gevra vir alle persone wat in hierdie moeilike tye sonder werk is, of waar die moontlikheid bestaan dat hulle hul werk sal verloor.

Daantjie Roux is gediagnoseer met longkanker. Bid asb. vir hom dat die Here hom sal dra deur 'n moeilike tyd van sy lewe.

Sophia Harvey herstel tuis. Sy getuig van goeie vordering.

Ons bid vir Trudie Kerr, sy is bejaard en opgeneem in 1 Militêre Hospitaal.

Renie du Plessis het 'n slegte val gehad en daar is 'n moontlikheid van bloeding op die brein. Sy is in Rusoord. Bid asb. vir haar herstel.

Hennetjie Mostert is terug in Lofdal, sy moet egter daagliks nog suurstof behandeling kry. Sy sê dat sy gedra word deur almal se gebede en vra dat u nie moet ophou bid nie. Sy begeer om haar been te behou.

Olive van Huis Gideon se operasie is Maandag. Bid asb. dat alles goed verloop.

Bill Schaefer het 'n angiogram gehad, daar sal nou besluit word oor sy verdere behandeling. Bid asb. vir hom en Connie.

Die Aankondiger !

Omgeekerk kantoor nr: 012 664 6695

EREDIENS: 12 April 2015 om 9:00

Prediker: Ds. Gideon du Toit

Skriflesing: Kol. 3

Tema: Hoe fokus ons op Jesus: nie deur rituele nie, maar wel deur jou goeie gesindheid en optrede teenoor jou naaste.

Liedere: 425:1-4; 411:1,2; 422:1,3; 414:1,2; 421:1-3

Jeug: 18:00 Rusoord: 16:45



GEDAGTE VIR DIE WEEK

Jesus is die Lewende, die Hoëpriester wat 'n ewige verlossing tot stand gebring het (Hebreërs 8:11-15).

GEBEDSVERSOEKE

Die skrywer van Hebreërs roep ons op: terwyl ons dan nou 'n groot Hoëpriester het wat reeds deur die hemele gegaan het, Jesus, die Seun van God, laat ons vashou aan die geloof wat ons bely. Om te glo is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie (Heb 4:14; 11:1).

In gebaretaal is 'n hand wat bo uitstrek en vat, die gebaar vir “glo”. Laat ons die gemeentes vir dowes in ons gebede onthou, asook die kinders van dowe ouers. Mag die Here die werk van oudioloë en spraakterapeute seën, ook ten opsigte van ouderdomsverwante gehoorprobleme waarmee baie bejaardes sukkel. Ons bid vir die onderwyspersoneel en leerlinge met die begin van 'n nuwe kwartaal. Laat ons dankie sê vir die gerief waarin ons kinders kan skool toe gaan en gereeld bid vir die leerlinge wat in moeilike omstandighede met baie ongerief hul skoolopleiding kry. Dikwels stap sulke leerlinge baie vêr skool toe, selfs 24 km. Ons vra die Here se seën op uitreik en kampe wat deur die Verenigende Christen Studentevereniging van SA (VCSV) gereël word. Laat ons bid vir nog leiers wat jongmense kan inspireer en lei. Laat ons ook getrou vir die jeugwerk in ons eie gemeente bid: Rudolph en Jean-Francois neem die leiding.

ONS WAARDES Lê OPGESLUIT IN EFESIëRS 4: 1 - 3

Laat julle roeping julle leefstyl bepaal. Met totale beskeidenheid en sagmoedigheid, met geduld moet julle mekaar in liefde verdra. Deur in vrede met mekaar te lewe, moet julle die eenheid wat die Gees bewerk het, bewaar.

Kennisgewingbord

Kerkkantoor Tel. Nr.: 012 664 6695

Deurkollekte : Instandhouding

Bruingeld vir Sending: vanaf 21/11/2012 is al **R9945.00** ingesamel. Mooi so!

Bybelprojek

Nuwe Bybels is beskikbaar in die kombuis-area. Indien u 'n Bybel in 'n Afrika-taal (R40) of Engels (R35) benodig, bestel asb. vandag nog in die kombuis area of skakel Annetta by 012 6404008 / 076 293 2125

CMR

- ◆ CMR hou 'n Hoed en Kolwyntjie oggendtee op 9 Mei in die Lyttelton-Oos Kerksaal. Kaartjies vir die geleentheid is beskikbaar by Jansie 073-179-3295 of Annetta by 076-293-2125 of 012 640 4008. U ondersteuning sal waardeer word. Baie dankie.
- ◆ Dit is vandeemaand Lyttelton-Noord se beurt om te help om die CMR se koskaste aan te vul. Ons het alreeds baie pakkies ontvang. Daar is egter nog verskeie kaartjies beskikbaar in die voorportaal van items wat u kan aankoop en vir die CMR skenk.

Omgee-Vroue

- ◆ Vir die Fondsinsamelingsgeleentheid wat beplan word vir die 24e Oktober 2015 wil ons graag vir Jannie Moolman as gaskunstenaar nooi. Ons is dringend op soek na 'n borg vir hierdie geleentheid. Is daar miskien iemand waarvan julle weet wat so 'n geleentheid kan gebruik om sy saak te adverteer? Kontak Adél by 0126642261 of 076-890-0823.
- ◆ Net 'n herinnering dat die kerk se kombuisvoorraad te huur is. Kontak gerus die saakgelastigde vir 'n pryslys wanneer jy 'n funksie hou en borde, glase, ens benodig.
- ◆ Op **Saterdag, 18 April, om 9:00** is ons volgende byeenkoms. Mev. Vera van Dalen is verbonde aan CANSA en gaan vir ons vertel van haar werk met kanker pasiente. Kom woon asb. die byeenkoms by en drink 'n lekker koppie tee na die tyd. Bring 'n vriendin saam.

BYBELSTUDIEGROEPE :

Geen - dit is skoolvakansie

Omgee-Manne: Geen - dit is skoolvakansie

Baie geluk aan almal wat verjaar 12 April - 18 April

Hendrik	Coetzee	04/12	664 5835	
Eon	De Villiers	04/12	664 0128	
Rudolph	Brits	04/13	083 356 3097	
Steph	Jacobs	04/13	664 8723	27824776749
Jeanne	Odendaal	04/13	012 644 0911	
Annemarie	Barkhuizen	04/14	664 2558	27734851154
Thys	Pistorius	04/14	664 4281	27833078685
Joe	Swart	04/14	0126645191	27833490761
Elsje	Bezuidenhout	04/15	664 0685	27827062100
Isabel	Janse Van Vuren	04/15	664 6621	
Tini	Lotz	04/15		
Alex	Petersen	04/15		
Louise	Francis	04/17	012 6642146	27824625636
Katie	Steyn	04/17	664 7293	
Elsa	Van Dyk	04/17	012 6442718	27823019680
Beatrix	Doman	04/18	073 331 0832	27733310832
Sophia	Harvey	04/18	664 8605	27834191462

HUIS GIDEON PLEEGHUIS

René Odendaal (huismoeder) doen 'n beroep op die gemeente om betrokke te raak by die pleeghuis. Daar is ook 'n behoefte aan kos. Indien u belangstel om betrokke te raak, skakel haar asseblief by 012 6642199 / 079-514-3290.

ONS VIER FEES

Ds. Gideon du Toit is volgende Sondag, die 19de April, 30 jaar by ons gemeente. Dis nie aldag dat mens so lank by een werkgewer is nie.

Kom ons vier dit en eet heerlik saam op 19/04/2015 om 11h30. Vleis en rys sal verskaf word. Al wat u moet bring is 1 slaai en/of 1 poeding van u keuse, u eie eetgerei en drinkgoed. Kom ons maak dit 'n dag om te onthou.

Net weer ons bankbesonderhede indien u dit benodig:

NG Lyttelton-Noord. Absa Bank

Reknr.: 600590243, Tak: 335045